



# LAERSKOOL PARK

Tel.: 044-691 1020\1 Faks.: 044-691 2046  
E-Pos [parklaerskool@gmail.com](mailto:parklaerskool@gmail.com)  
Webblad [www.parklaerskool.co.za](http://www.parklaerskool.co.za)  
Prinsipaal D.F.du Toit

Kaapweg 49  
Posbus 96  
MOSELBAAI  
6500

26 Mei 2020

Geagte Ouers

## COVID-19: VEILIGHEIDSMATREËLS OP DIE SKOOLTERREIN

Met die skool wat binnekort gaan heropen (eers Graad 7 vanaf 1 Junie), is dit noodsaaklik dat sekere volhoubare maatreëls in plek gestel word om te verseker dat ons gemeenskap en leerders veilig bly en ons die skooljaar sonder enige verdere onderbrekings kan voltooi.

### Kom ons kyk weer hoe ons die COVID-19-verspreiding effektief kan bekamp:

- Bly tuis as jy siek is.
- Nies en hoes in jou elmboog, sakdoek of sneusdoekie.
- Was jou hande gereeld en deeglik.
- Maak oppervlaktes gereeld skoon.
- Vermy enige fisiese kontak met ander mense.
- Dra 'n masker.

### Daar is verskeie toepassings om u kind en die personeel by die skool te beveilig:

- Die skool gaan gereeld die was van hande met water en seep en handontsmettingsmiddels afdwing.
- Personeel en leerders is verantwoordelik vir die gereelde ontsmetting van hulle persoonlike ruimte.
- Daar sal geen groot byeenkomste of oefeninge soos saalopeninge, sportoefeninge, kultuuraktiwiteite, ensovoorts by die skool plaasvind nie.
- Sosiale afstand sal gehandhaaf word en fisiese kontak of aanraking (handdruk of drukkies) sal nie toegelaat word nie.
- Die skool sal gereeld ontsmet word, met klem op hoë risiko oppervlakke soos traprelings, deurhandvatsels en badkamers.
- Daar sal 'n daaglikse skoonmaakprogram met spesifieke chemikalieë wees en spesifieke prosesse sal gevolg word.
- Die skool sal vir die onderskeie grade op verskillende tye begin en sluit.
- 'n Veilige sosiale afstand sal sover moontlik in klasse onderling tussen leerders, sowel as die personeel, gehandhaaf word.
- Leerders en personeel wat moontlike Covid-19-simptome toon, MOET tuis bly.
- Stigmatisering sal deur deeglike inligtingsessies bekamp word.
- Personeel en leerders sal verplig word om gestandaardiseerde maskers te dra.
- Alle personeel en leerders se temperatuur sal soggens voor skool by die skoolhek gemonitor word en hul hande en skoene sal ontsmet word alvorens hulle die terrein mag betree. Verskillende hekke sal aan verskillende grade toegeken word.

### Prosedures wat gevolg moet word indien iemand siek is:

- Leerders en personeel wat by die skool siek word, siek by die skool opdaag of 'n koors van 38°C of hoër het, sal huis toe gestuur word.
- Siek leerders of personeel sal in 'n vooraf geïdentifiseerde isolasieruimte, apart van gesonde leerders en personeel, gehou word totdat hulle kan vertrek.
- Covid-19 geïnfekteerde personeel en leerders moet wetlik by die skool en die Departement van Gesondheid aangemeld word. Mense wat siek word, se kontak met ander individue moet nagevolg kan word om die virusverspreiding sover moontlik te bekamp.
- Die siek persoon moet dan mediese toetsing ondergaan.
- Na mediese toetsing MOET die skool van die uitslag in kennis gestel word.
- Onthou dat dit nie van skole verwag word om COVID-19-gevalle te identifiseer nie. Die meerderheid asemhalingsiektes is nie COVID-19 nie.

### **Afstandsonderrig:**

- Die aanlyn-onderrig vanaf graad RR tot 6 gaan voort (totdat die graad by die skool moet aanmeld).
- Ouers moet alles doen om leerders te ondersteun en van hulp te wees waar 'n behoefte mag ontstaan.

### **Gesondheids- en higiëniese opleiding:**

- Opleiding sal aan alle personeel, skoonmakers en leerders oor die skool se higiëniese program gegee word.
- Emosionele ondersteuning ten op sigte van vrese, angs en onsekerhede sal voorsien word.

### **Kontrolelys vir die skool:**

- 'n Covid-19-skoonmaakprogram vir personeel en leerders is in plek gestel.
- Gereelde vullisverwydering.
- Die identifisering van hoë risiko oppervlakke soos telefone, deurhandvatsels, badkamers, deurrame, elektroniese apparatuur (sleutelborde in sentrums) en meubels (tafels en stoele in klaskamers).
- Goeie ventilasie in klaskamers is belangrik. Ten spyte van die koue winter sal ons sorg dat leerders nie koud kry en siek word nie, maar ons sal ook seker maak dat ons leerders deurentyd vars lug het.
- Plakkate rakende Covid-19 en goeie higiëniese praktyke sal oral sigbaar wees.
- 'n Ondersteuningsnetwerk vir personeel en leerders wat siek is, moet geskep word. Ons verwys na emosionele sowel as akademiese ondersteuning.

### **Kontrolelys vir die skoolgemeenskap:**

- Watter mense is **hoë risiko**? Dit word bepaal deur:
  - waar jy werk.
  - die hoeveelheid mense met wie jy in kontak kom.
  - hoe gereeld jy reis.
  - van watter vervoermiddels u gebruik maak.
  - is daar mense by wie jy bly of met wie jy in kontak was wat reeds positief getoets is?
- Wat is die **simptome**?
  - Verkoue- of griepsimptome soos koors, loopneus en hoes.
  - Braking en diarree kom ook voor.
- **LET WEL: Indien 'n persoon enige van die bogenoemde simptome openbaar of in kontak was met iemand wat Covid-19 onderlede het, moet die persoon tuis bly.**

### **Skoolbywoning:**

Alhoewel ons versoek dat leerders wat enigsins simptome toon by die huis moet bly, is dit noodsaaklik dat die gesonde leerders wel skool toe kom. Ons het reeds baie akademiese tyd met die inperkings tydperk verloor. Leerders moet nie onnodig wegbly nie.

Indien u kind wel een of meer van die genoemde komorbiditeite het (sien bylaag), mag u aansoek doen by die skool vir 'n konsessie.

### **Kontrolelys vir leerders:**

- Moenie probeer om probleme, vrese of siekte alleen te hanteer nie - vra vrae en meld dit aan. Vertel vir iemand as jy siek is. Moet dit nie 'n geheim hou nie, dit is nie 'n skande nie.
- Beskerm jousef en aanvaar verantwoordelikheid vir jou eie gesondheid.
- Daar mag geen stigmatisering van siek leerders plaasvind nie. Dit sal soos 'boelie' deur die skool hanteer word.

### **Strategie van die skool met die uitbreek of opvlamming van COVID-19 in die skool:**

- Daar sal onmiddellik kommunikasie tussen die skool en die ouers wees.
- Die betrokke partye sal dadelik getoets moet word.
- Die betrokke partye sal in selfkwarantyn moet gaan terwyl hy/sy vir die mediese uitslae wag.
- Die betrokke partye moet dadelik 'n volledige lys van mense met wie hy/sy in kontak was, verskaf.
- Die skool sal die noodnommers van al die relevante owerhede, hospitale en departemente beskikbaar stel.

- Die bestuur van die skool het nie die outoriteit om die skool te sluit indien daar 'n Covid-19-uitbreking is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid.

### **Skool se ondersteuningsnetwerk:**

- Die skoolbestuurspan en beheerliggaam van Laerskool Park.
- Die Covid-19-taakspan van Laerskool Park:  
Mnre. D.F. du Toit, G. Swanepoel, T. van den Bergh, W. van Dyk en me. L. Swanepoel en S. Boshoff
- Wes-Kaap Departement van Onderwys
- Nasionale Departement van Gesondheid (012 395 8000)
- The National Institute For Communicable Diseases (NICD) (0800 029 999)
- Life Bayview Privaathospitaal (044 691 3718)
- Vidamed Privaat Daghospitaal (044 690 3402)
- Mosselbaai Algemene Hospitaal (044 691 2011)
- Mosselbaai Polisiestrasie (044 606 2805)

### **Volg die nodige prosedure wanneer 'n persoon wat siek was, gesond geword het:**

Volgens inligting is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer twee weke, terwyl ernstige gevalle drie tot ses weke duur.

Wanneer kan leerders terugkom skool toe?

- Na 14 dae, of as die leerder geen simptome meer toon nie, moet die leerder weer getoets word.
- Die ouers moet die skoolhoof skakel en die mediese uitslag aan hom verskaf.
- Die skoolhoof sal die leerder dan weer by die skool toelaat.

### **Hantering van besoekers by die skool (sluit ouers in):**

Almal wat die terrein betree, moet aan dieselfde voorsorgmaatreëls onderwerp word om ons hele gemeenskap te beskerm. Dus sal die volgende prosedure geld:

- **Ouers gaan nie by die skool toegelaat word nie.** Dringende gevalle sal per afspraak hanteer word.
- Besoekers se temperatuur sal gemonitor word.
- Besoekers se hande sal met 'n ontsmettingsmiddel by die voordeur ontsmet word.
- Besoekers sal verplig wees om maskers te dra.
- **GEEN ouers gaan toegelaat word om enige items wat tuis vergeet is, tydens skoolure te kom aflewer nie.**

## **SKOOLPRAKTYK EN COVID-19**

### **Bestuur van pouses:**

Spesifieke areas en pousetye sal aan spesifieke graadgroepe geallokeer word om te verseker dat daar genoeg spasie vir elke graadgroep is om die aanvaarbare sosiale afstand te handhaaf. Daar sal voortdurende toesig wees.

### **Skoolsnoepie:**

Die skoolsnoepie sal NIE pouses oop wees nie. Slegs kos van die huise af word toegelaat.

### **Hoë risiko leerders:**

Hoë risiko leerders word aan die volgende kriteria uitgeken: (sien bylaag)

- Bestaande chroniese mediese toestande soos byvoorbeeld diabetes, hoë bloeddruk, hartsiektes, ens.
- Bestaande respiratoriese toestande soos byvoorbeeld asma.
- Kanker en ander immuniteitsverswakende toestande.

\* *Voorsien mediese verslae/bewyse aan klasonderwyser.*

### **Daaglikse ontvangs by die skoolhek:**

Leerders moet nie langer as **30 minute voor die aanvang van die skooldag** by die skool arriveer nie. **Moet asseblief nie u kind tot by die hek vergesel nie.** Die skoolhek mag nie voor of na skool 'n plek wees waar leerders en ouers saamdrom nie. Dit bly die ouers se verantwoordelikheid om hul kinders so gou as moontlik na skool te kom haal.

Die skool tref die volgende reëlins om te verseker dat leerders nie saamdrom nie:

- Verskillende hekke sal aan verskillende grade toegeken word.
- Daar sal merkers op die sypaadjie geveer word waar die leerders in 'n ry moet aanmeld en hulle afstand tussen mekaar moet handhaaf.
- By die hek sal daar personeel wees wat die leerders skandeer en hande en skoene ontsmet voor hulle die terrein met hul gestandaardiseerde maskers aan, mag betree. Personeel en leerders met 'n koors van 38°C of hoër sal nie op die skoolterrein toegelaat word nie.
- Leerders sonder gestandaardiseerde maskers sal weggewys word. Maskers van die Departement van Onderwys sal, wanneer dit beskikbaar is, aan die leerders verskaf word.
- Leerders moet rustig en op 'n ordelike manier **geduldig** wag om die skoolterrein te betree.
- **ENIGE LEERDER WAT NIE IN HIERDIE TYDPERK AAN DIE ORDEREËLINGS GEHOOR GEE NIE, SE OUIERS SAL IN KENNIS GESTEL WORD EN SAL DIE SKOOLTERREIN MOET VERLAAT.**

### **Tuisonderrig?**

Mag 'n ouer besluit om 'n kind nie terug te stuur skool toe nie weens die vrees vir COVID-19 infeksie?

Leerders tussen die ouderdom van 7 en 16 jaar (Graad 1 tot 9) is skoolpligtig (Staatskoerant 33150). Indien 'n ouer besluit om 'n skoolpligtige kind vir die res van die jaar uit die skool te haal, is daar verskillende senarios:

- Volgens die bywoningsbepalings in die SA Skolewet (SASW) moet 'n ouer wat nie die skoolpligbepalings wil nakom nie, **toestemming by die provinsiale onderwysdepartement** verkry om dit te doen.
- Indien toestemming verkry is, kan oorweeg word om die leerder vir tuisonderrig **by 'n kurrikulumverskaffer te registreer** wat die leerder aan die einde van die jaar vir die betrokke graad sal sertifiseer.
- *Nie-registrasie by 'n kurrikulumverskaffer impliseer dan die volgende:*
  - o Dat die kind strydig met die SASW van skoolbywoning weerhou is en ouer vervolgt kan word;
  - o Dat die kind geen bewys vir die jaar se leer sal hê nie;
  - o Dat geen formele sertifikaat (rapport) vir die jaar uitgereik sal word nie; en
  - o Dat die ouer moet beseft dat enige skool die reg sal hê om te bepaal wat die standaard van die tuisonderrig was, ongeag of daar 'n sertifikaat uitgereik is al dan nie.

Sou ouers oorweeg om vir 2021 die leerder weer by 'n skool in te skryf, hetsy dieselfde skool of 'n ander skool, moet die volgende in gedagte gehou word:

- Die leerder is 'n **nuwe aansoek**, soos enige ander aansoeker, en moet ingevolge die skool en toelatingsbeleid oorweeg word.
- Daar moet bepaal word of daar plek in die betrokke skool en graad is.
- Die skool kan 'n "plasingssassessering" doen om te besluit of die leerder wel oor die nodige kennis / vaardighede beskik om in 'n spesifieke graad geplaas te word.
- Dit is nie vanselfsprekend dat die kind saam met sy ouderdomsgroep na die volgende graad bevorder sal word nie, tensy daar 'n formele sertifisering as bewys is die inhoud vir 2020 wel bemeester is.
- Die leerder kan dus moontlik deur die skool in dieselfde graad geplaas word waarin hy/sy in 2020 ingeskryf was.

### **Watter regte het die skool?**

Die skool mag nie weier dat die ouer die leerder uit die skool verwyder nie. Skole moet 'n gesprek met die ouers voer en genoegsame inligting aan ouers verskaf om sodoende 'n meer ingeligte besluit te kan neem. Die skool is onder geen verpligting om die leerder tuis te ondersteun nie (tensy die registrasievoorwaardes van die provinsiale onderwysdepartement hiervoor voorsiening maak). Hier kan sekere gevalle binne die skool se beleid hanteer word, bv. 'n leerder van die skool wat 'n onderliggende siekte het bly ingeskryf by die skool en ontvang die nodige ondersteuning.

Die personeel, ouers en leerders het die verantwoordelikheid om ons gemeenskap te beskerm. Baie dankie vir u sorgsame samewerking en lojaliteit aan die skoolgemeenskap.

Vriendelike groete

DF DU TOIT  
SKOOLHOOF



**LEARNER RISK FACTORS FOR SEVERE COVID-19: COMORBIDITIES**  
Interim indicators (pending DBE confirmation)

The list of Comorbidities, Risk Factors and Definitions are:

Risk Factor	Detail	Definition
Cardiovascular Disease	Moderate/ Severe Hypertension	Moderate hypertension: systolic BP 160-179mmHg and/or diastolic BP 100-109 mmHg. Severe hypertension: systolic BP $\geq 180$ mmHg and/or diastolic BP $\geq 110$ mmHg.
	Congestive cardiac failure or other serious cardiovascular disease	Confirmed clinical diagnosis of congestive cardiac failure or other serious cardiovascular disease
	Cerebrovascular disease, including stroke and transient ischaemic attack	Confirmed clinical diagnosis of cerebrovascular disease.
Respiratory Disease	Pulmonary Tuberculosis – untreated or in early treatment	People who have not completed the intensive phase or first two months of treatment in line with the National Department of Health Standard Treatment Guidelines.
	Moderate to severe asthma	Asthma which requires treatment with high dose inhaled corticosteroids plus a second controller (and/or systemic corticosteroids) to prevent it from becoming 'uncontrolled' or which remains 'uncontrolled' despite this therapy.
	Chronic Obstructive Pulmonary Disease (COPD)	Confirmed clinical diagnosis of COPD

Risk Factor	Detail	Definition
	Other severe chronic lung pathology, including cystic fibrosis and bronchiectasis	Confirmed clinical diagnosis – irrespective of severity.
Kidney Disease	Chronic Kidney Disease	eGFR < 45
Pregnancy	Third trimester pregnancy	Estimated to be further than week 27 of pregnancy
Immunosuppression	Poorly controlled type II Diabetes Mellitus	HBA1c $\geq 7.5\%$ within last 6 months
	Cancer undergoing active treatment	Currently undergoing chemotherapy and/or radiotherapy
	Human Immunodeficiency Virus with advanced immunosuppression	HIV positive persons with CD4 count <200 cells/mm <sup>3</sup> who are ART-naïve or who initiated ART within last 3 months
	Chronic immunosuppressant use	Chronic use of corticosteroids of >20mg prednisone per day or equivalent, methotrexate, biologicals or other immunosuppressants.
	Transplant	On chronic immunosuppressants
Primary Immunodeficiencies	Diagnosed Primary Immunodeficiency	On chronic immuno-globulin treatment.
Metabolic syndrome	Severe obesity	Body mass index (MBI) of 40 and higher